

Weerspreek die gedagtes van skepping en evolusie mekaar?¹

Prof. dr F.J.M. Potgieter

(Geneem uit: *De gereformeerde vaandel*, September 1952, pp155-167.)

By hierdie geleentheid wil ek poog om my standpunt ten opsigte van die onderhawige vraagstuk in alle bescheidenheid en eerlikheid maar ook met beslistheid aan u voor te lê. Ek wil dan ook meteens erken dat ek by die voorbereiding van hierdie lesing opnuut onder die indruk daarvan gekom het dat die spesialisering van ons eeu die bespreking van hierdie vraag uiters moeilik maak. Ek twyfel daar nie aan nie dat my kollegas aan die universiteit, wat hier aanwesig is, sal saamstem dat daar niemand is wat die veronderstelde ensiklopediese kennis van die vraagstelling volkome kan beheers nie. Wie is daar wat tegelyk plantkundige, dierkundige, aardkundige, ontleedkundige, fisioloog, paleontoloog, antropoloog, filosoof, teoloog, ens. kan wees?

Daarom verbaas dit 'n mens ook nie dat *soveel misverstand* weens wedersydse onkunde heers nie. Ek kan my goed voorstel dat die bioloë soms baie ergerlik moet word as hulle hoor wat onverantwoordelike teoloë soms oor hulle bevindinge te sê het. Hoe word die evolusie nie met die Darwinisme verwar nie? Hoe dikwels hoor 'n mens nie dat die bioloë sou beweer dat die mens van 'n aap afstam nie? Daarmee sê ek nie dat die bioloë geen skuld dra dat die teoloë meermale sulke gedagtes koester nie. 'n Mens staan verbaas dat 'n vooraanstaande bioloog van ons dae kan skryf: "...ape turned into man-ape and man-ape grew to man".

Ook oor wat die Heilige Skrif leer, is daar tog soveel misverstand. Een van die vernaamste bronne van foute is die verkeerde Skrifverklarings en -vertalings. So vertaal die *Statebybel* in Gen 1:21 bv.: "de groote walvisschen", terwyl die Afrikaanse oorssetting baie juister lui: "die groot seediere," wat op haaie kan slaan, dus op kraakbeenvisse en nie op soogdiere nie. Mense het ook dikwels hul eie gedagtes in die Skrif ingelees. Dit was byvoorbeeld 'n groot fout van baie teoloë van die verlede om, sonder enige grond daarvoor, die Ptolemeïese wêreldbeeld in die Skrif te dwing. Net so onsinnig is dit om jou astronomiese opvattinge te baseer op die welbekende woorde: "Al wankel die aarde en al sy bewoners, Ek het sy pilare vasgestel." Dit is onsinnig, omdat die Bybel hier allermens wil leer dat die aarde op pilare rus. 'n Mens het hier met 'n lied, 'n gedig, te doen (en) as sodanig moet dit geksegetiseer word; anders doen 'n mens juis die Skrif geweld aan. Die teologie is ook wetenskap en eis dat die Skrifuitleg steeds volgens vaste hermeneutiese reëls moet geskied: die poëtiese moet as poësie, die geskiedkundige dele as geskiedenis geïnterpreteer word. 'n Teoloog het eenmaal in dié verband die vraag gestel of dit nou ooit by iemand sal opkom om Longfellow se bekende gedig, "The Light of stars" ten grondslag van sy astronomie te lê. Terloops herinner ek net daaraan dat die volgende woorde ook in die Skrif voorkom: "... wat die aarde ophang oor niks" (Job 26:7). Daar is selfs Skrifgelowige natuurwetenskaplikes wie se stelling nie altyd verantwoord is nie. Die beroemde Amerikaanse soöloog van die negentiende eeu, Louis Agassiz, wat 'n kinderlike gelowige was, het met betrekking tot die blinde visse van onderaardse water gaan skryf: "(They) were created under the circumstances in which they now live ... and with the structural peculiarities which now characterise them." En as 'n man soos Newman, die outeur van *Outlines of general zoology* so iets lees, dan raak hy alle selfbeheersing kwyt en skryf: "There is no rival hypothesis (to evolution) except the outworn and completely refuted one of special creation, now retained only by the ignorant, the dogmatic and the prejudiced." Maar sodoende gooi Newman die kind met die badwater uit: hy verraai 'n groot onkunde omtrent die openbaringswaarheid van die skepping en sien nie in dat hy met Agassiz se foutiewe interpretasie van die Bybel en met sy afleidinge te doen het nie.

¹ Lesing gehou voor 'n gehoor van dosente en studente aan die Universiteit van Stellenbosch en voor geneeshere en mediese studente aan die Universiteit van Kaapstad.

Indien een saak vasstaan, dan is dit dat ons met ons bespreking geen stap verder sal kom tensy ons *die onderhawige basiese begrippe nader bepaal nie. Hierdie grondbegrippe is: wetenskap, skepping en evolusie.*

Ons stel derhalwe nou die *eerste kernvraag: Wat is wetenskap?* Sonder twyfel staan baie wetenskaplikes hier te land sterk onder Angel-Saksiese invloed of liever onder invloed van die Positivisme van Auguste Comte soos dit in die Angel-Saksiese wêreld tot deurwerking gekom het. Die heersende opvatting is dat die wetenskap in eintlike sin, “science”, alleen die natuurwetenskappe en die eksakte wetenskappe insluit. Gaan u nou aan die meeste wetenskaplikes vra om *wetenskap te definieer*, dan sal hulle dit op voetspoor van die Positivisme ongeveer soos volg doen: wetenskap is die gesistematiseerde kennis wat verkry word óf deur induksie, dit is langs die weg van eksperimentering onder streng kontrole, óf deur streng logiese deduksie.

Met so 'n omskrywing van die wetenskap sou ons om meer as een rede nie akkoord kan gaan nie. En die *eerste van hierdie redes is dat dit niks vermeld omtrent die uitgangspunt van die wetenskap nie.* Daar is niemand van ons wat in ons wetenskapsbeoefening nie uitgaan van voorveronderstellinge wat self nie bewysbaar is nie. Die Positivisme betwis dit wel en lê juis as sy grondstelling neer dat die wetenskap niks a prioristies mag aanvaar nie. Hiervoor kan hy egter geen bewys lewer nie: sy grondstelling is self 'n voorveronderstelling wat onbewysbaar is. Hierdie filosofie – wat nouliks die naam waardig is – rus dus op die wankelêre basis van 'n *petitio principii*. Die werklikheid toon dan ook 'n ander beeld. Selfs die matesis ken sy voorveronderstellinge. Daar is inderdaad verskillende skole van wiskundiges, soos die logistiese en die intuisionistiese, al na gelang van die voorveronderstellinge waarvandaan hulle uitgaan. Ek herinner my ook dat ek die wêreldberoemde skeikundige, Bartoli, by geleentheid hoor sê het dat die fundamentele teorieë van die chemie reeds drie maal verander het sedert hy dié wetenskap begin beoefen het. “En,” so het hy daaraan toegevoeg, “ek is nog geen honderd jaar oud nie!” Geen eersterangse filosoof sal ook die Positivisme aanvaar nie. 'n Wysgeer van naam soos Kant verklaar in sy *Kritiek der reinen Vernunft* dat die wetenskap “steeds uit sekere *prinsipes a priori* streng bewysend moet wees”. Geen wetenskaplike kan ooit neutraal wees nie. Weliswaar moet almal steeds na objektiwiteit strewe, maar daar is 'n hemelsbreë verskil tussen neutraliteit en objektiwiteit. *Die waarheid is objektief, maar alles behalwe neutraal.*

Waar alle wetenskaplikes voortdurend van voorveronderstellings uitgaan, daar neem ons ook ons a prioristiese grondbeginsels aan, te wete dié wat ons aan die Heilige Skrif ontleen. “Maar,” so sal iemand moontlik vra, “hoe weet jy dat hulle waar is?” My antwoord is dat ek dit glo. En ek is bly om te kan sê dat wanneer ek my wetenskap op die geloof laat rus, ek my in goeie geselskap bevind. In die referaat wat prof. dr C.G.S. de Villiers op die Jaarvergadering van die Fakulteit vir Wetenskap en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie op 28 Julie 1944 gelewer het, het hy hom onder andere as volg uitgelaat: “So seer is die transformasieleer (evolusieleer) eksperimenteel onbewysbaar, dat ek amper waag om te sê dat as dit moes beweer word dat sodanige bewys gelewer is, ek dan nie meer aan die transformasieleer sou glo nie.” Of “Evolusie is nog altijd een onbewezen feit. Zij is een theorie en berust voor een goed deel op geloof,” aldus die evolusions, dr J Kalma, in sy werk: *De mensch een evolutiebeeld*. In laaste instansie is die wetenskap 'n geloofsaak vir sover sy fundamentele veronderstellinge daarby betrokke is. En indien manne soos Feuerbach, Watson en Leuba dit goed dink om van die geloofstelling – of moet ek sê: stelling van die wangeloof! – uit te gaan dat daar geen God is nie, dan verkies ek om te bely dat daar wel 'n God is. Hier het u tipiese voorbeelde van sulke voorveronderstellinge wat nooit deur middel van die rede bewys of weerlê kan word nie. Die rede hiervoor lê voor die hand: soos Kant reeds in sy kritiek op die rasionalisme aangetoon het, kan 'n sluitrede nooit die gaping tussen tyd-ruimtelike en die ewige oorbrug nie.

En nou stel ek 'n *tweede beswaar teen die voormelde definisie van die wetenskap aan die orde, naamlik dat dit nie daarmee rekening hou nie dat die wetenskaplike by sy hipotesevorming weliswaar deur die feitemateriaal maar net so onmiskkenbaar deur sy a prioristiese uitgangspunt gelei word.* Wanneer hy met sy data in die laboratorium besig is, dan interpreteer hy gedurig, en hy doen dit mede op grond van die voorveronderstellinge waarvan hy glo dat hulle waar is. Hy kan trouens ook nie anders nie, want die persoonlikheid sowel as die waarheid is 'n eenheid. Dit geld van die wetenskap in die algemeen en in die besonder ook van 'n wetenskap soos die paleontologie: die

fossiele is fisiese data, maar die paleontoloog neem hulle waar, dink na oor wat hy waarneem en geraak tot 'n slotsom wat deur sy a prioristiese standpunt medebepaal word.

Dit kan sy nut hê om u nog daarop te wys dat die *waarneming sowel as die rede dikwels feil*. Wat die waarneming betref, kan 'n mens maar net verwys na die misrekeninge wat vroeër in die sterrekunde voorgekom het, omdat die reaksietyd van die waarnemer nie in aanmerking geneem is nie; of na die alombekende voorbeeld van die reguit stok wat nie as sodanig waargeneem word indien dit in water gesteeek word nie. En in verband met die ratio siteer ek weer uit bogenoemde rede van prof. dr C.G.S. de Villiers: “Die menslike verstand is ook nie sogenaamd ‘onfeilbaar,’ soos 'n masjien nie; die soöloog se metode kan onberispelik gewees het, maar sy gevolgtrekkings kan foutief wees.”

Mistastings sluip ook op 'n ander wyse in die biologie in. Genoemde hoogleraar vestig die aandag daarop: “Die soöloog probeer dan 'n reeks ‘anatomiese skakels’ op te stel as leidraad vir die moontlike evolusiegang; maar al te dikwels is hy geneig om sulke bloot anatomiese étappe-skakels as werklike filetiese skakels te beskou.” Dit is hierdie “*loose reasoning*”, soos 'n ander soöloog, Dewar, dit gepas noem, wat sonder twyfel tot soveel ernstige foute in die biologie gelei het. Dit is my oortuiging dat een van die vernaamste denkfoute van baie bioloë daarin geleë is dat hulle analogie met identiteit verwar. As daar analogie van liggaamsbou is, dan is kontinuïteit nog lank nie vanselfsprekend nie; daar skuil duisend moontlikhede in die werklikheid.

Daar moet ook gewaak word teen veralgemenings – wat gewoonlik heel weinig sê, omdat hulle te veel wil sê. Kosmiese of radio-aktiewe strale kan byvoorbeeld onteenseglik verantwoordelik wees vir sekere somatiese veranderinge, maar om dit nou meteens as grondbeginsel te gaan beskou wat die lewe in al sy verskeidenheid verklaar, is om die spoor byster te raak. Dit blyk al onder andere hieruit dat 'n mens dáár met 'n meganiese kousaliteit te doen het wat met doelmatigheid nie rekening hou nie. Gelukkig dat die meganisme 'n verouderde opvatting van die negentiende eeu is. Luister na die woorde van 'n genie van die twintigste eeu – ons bedoel Einstein. Hy spreek van sy “rapturous amazement at the harmony of natural law. Which reveals an intelligence of such superiority that, compared with it, all the systematic thinking and acting of human beings is an utterly insignificant reflection.” Net so gewaagd sou dit wees om ten opsigte van die neotenieverskynsel te gaan generaliseer. Sonder twyfel is dit 'n interessante fenomeen, maar om hierdie begrip met al die onsekerheid en teenstrydige gesigspunte wat daaraan kleef tot verklaringsbeginsel te gaan verhef, sou meer in die teken van 'n noodsprong as van die wetenskap staan.

Ek stel vervolgens die *tweede vraag: Wat is skepping?* Hieroor sal ek maar nie lank uitwei nie. Die dogmatikus prof. V. Hepp omskryf dit as volg: “Dit is die onmiddellike, voortbrengende daad van God Drieënig, waardeur Hy in een moment (nie uit Homself nie, maar deur Homself) die hemel en die chaotiese realiteit, wat deur die formasie met die hemel een kosmos sou vorm, in aansyn geroep het. Hierdie skepping of creatio word beskryf in Gen. 1:1. Tussen Gen. 1:1 – toe die chaotiese realiteit daargestel is – en Gen. 1:3 kon daar miljoene jare verloop het. (Ja, ons struikel ook al weer oor ons eie woorde, want eintlik kan hier nog glad nie van astronomiese tyd sprake wees nie.) In Gen 1:3 neem die *formatio* of formasie naamlik 'n aanvang. En waar hierdie sake nie onderskei word nie, verval leke-kritici so dikwels in growwe foute. Die *formatio* het genoemde hoogleraar as volg omskryf: “Dit is die geheel van dae van God – wat nie as totaal onmiddellik gedink moet word nie, maar ook nie as geheel en al middellik nie – waardeur die chaotiese werklikheid saam met die hemel een kosmos geword het.”

Dadelik wil ons hier iets meer sê omtrent die sogenaamde skeppingsdae of liever formasiedae. As 'n mens die Hebreeus nagaan, dan staan dit vas dat jy hier met die nugtere verhaaltrant van die geskiedenis te doen het. Alle reëls van die uitlegkunde sou verbreek word indien dit as poësie of allegorie ge-eksegetiseer word. Maar een ding moet nie vergeet word nie, naamlik dat ons hier met 'n besondere tydsvorm te doen het, naamlik met formasietyd. Die woord “joom” word vir elkeen van die ses dae gebesig; en daarmee word te kenne gegee dat elke “joom” nie uit wat ons tans periodes sou noem, dit wil sê 'n aantal konsektiewe dae, bestaan het nie. Dit is die gemeenskaplike trek tussen die verskillende dae; maar origens het hulle ongetwyfeld onderling van mekaar verskil. Die eerste drie kon selfs geen astronomiese dae gewees het nie, want die lig was nog nie gekonsentreer in die son en ander hemelliggame nie. Van die algehele andersoortigheid van die formasietyd en toestande kan u en ek eintlik geen ware denkbeeld vorm nie.

Van die totaal ander verhoudinge tussen die werklikheidsdinge: van die uitstraling van radio-aktiewe elemente en die gevolge daarvan, ensovoorts, het ons geen konsepsie nie! Probeer u dit indink en baie van u probleme sal verdwyn. En daarom is dit ook dat ons Lyell se geleidelikheidshiptese verwerp. Die dinge kon nie altyd teen dieselfde tempo en op dieselfde manier as vandag plaasgevind het nie. Wat die volgorde van die formasiedae betref, is daar die treffendste ooreenkomste tussen die relaas in Genesis en die bevindinge van die manne van die wetenskap. Die eerste formasiedaad het gevolg op die woorde van God: “Laat daar lig wees!” Ook het ’n wisseling tussen dag en nag ingetree. Dit moes plaasgevind het deurdat ’n groot vurige massa van die aarde weggeslinger is, of omgekeerd. Die tweede formasiedaad het uitloop op die daarstelling van die hidrosfeer; die derde op droëgrond en die plante; die vierde op die kosmisering van die vurige massa, dit wil sê die ordening van die hemelliggame. Op die vyfde dag is die animalia geformeer: grotere en kleinere seediere. (Ek wys net terloops daarop dat die Hebreeuse woord *oph* wat hier gebruik word in Lev. 11 vir sprinkane gebesig word. Evolusionistiese paleontoloë praat in dié verband byvoorbeeld van die fossiele van die *palaeoblattina* wat in die Siluriese formasie voorkom.) Op die sesde dag het die formasie van die landdiere en uiteindelik dié van die mens plaasgevind.

Voorts moet u daarop let dat die Bybel nêrens konstateer hoe lank gelede die skepping of die formasie plaasgevind het nie. Ussher stel die begin van die geskape werklikheid op sowat sesduisend jaar gelede; maar hy het gefouteer: ’n mens kan geen konklusie uit die genealogieë in die Skrif maak nie, terwyl die Bybel self aandui dat daar soms baie geslagte uitgelaat word.

Wat ons onderwerp betref, is dit ook nog van die grootste belang om daarvan kennis te neem dat daar verskillende grondsoorte geskape is wat nie tot mekaar herleibaar is nie. Wat of watter die grondtipe is, word nie met soveel woorde deur die Heilige Skrif aangegee nie. Die Bybel leer duidelik die monofilogenese van die mens (dit is, formasie van een soort mens) en die polifilogenese van beide plante en diere (dit is die formasie van verskeie soorte). Verder blyk uit Genesis dat die soorte konstant is; maar dit sluit nie uit dat daar mutasies binne die soorte kan plaasvind nie. Die Skrif self deel ons byvoorbeeld mee dat Eva die moeder is van alle mense, maar spreek tog ook van die grootste volkereverskeidenheid. Daar is ook aanduidings in die Woord van God dat die honderdduisende verskillende diere nie van die begin af bestaan het nie, want dit is heeltemaal onmoontlik dat hulle in die ark sou kon gehuisves gewees het. Met veiligheid kan ons op grond van die Skrifopenbaring self aanneem dat daar veranderings binne die soorte plaasvind. Maar daar vind nooit transmutasie of transformasie van een grondsoort in ’n ander plaas nie. Daar moet ook bedink word dat die aarde met die sondeval deur die vloek van God getref is. Toe het die katastrofiese sy intrede gedoen: aardbewings, grondverskuiwings, en dies meer, wat alle beskrywing uittart, was aan die orde. (Die sondvloed is die laaste van hierdie geweldige katastrofes en dit is ’n fout om alle rampe wat die aarde getref het, daarheen te verskuif.) Ten gevolge van die vloek kom daar ook degenerasie in die skepping voor, en hierdie verwording openbaar hom ook in die wanstaltige mutasies.

By wyse van *samevatting wil ons dus die Skriftuurlike standpunt soos volg stel: (1) die skeppingsdaad (creatio) deur God almagtig; (2) die verskillende formasiedae (formatio), waarvolgens die mens monotipies, maar diere- en plantelewe politipies is; (3) ontwikkeling, maar ook degenerasie binne die grondsoorte.*

Die *derde vraag* wat ons wil stel is: *Wat is evolusie?* ’n Mens sou hieroor weer ’n boekdeel kon vul; maar tans kan ons net die vernaamste aanstip. Die woord “evolusie” is afgelei van ’n werkwoord met die wortelbetekenis van: iets na buite te laat rol, iets te laat opstyg; dit dui dus aan: ontplooiing, ontwikkeling. In talle van wetenskappe word die woord gebesig – elke keer met ’n eie nuanse van betekenis. In die godsdiensgeskiedenis erken die voorstanders van die evolusiegedagte byvoorbeeld nie die besondere openbaring nie; maar aanvaar ’n geleidelike ontwikkeling van die primitiefste tot die mees verhewe vorme van die godsdiens. In die etiek loën pleitbesorgers die bestaan van die sonde en wil alleen van verskillende ontwikkelingsstadia wat die sedelikheid deurloop het, weet. ’n Mens het hier dus eintlik met ’n *lewens- en wêreldbeskouing* te doen, wat oor die hele linie heen – en met name ook in die biologie en verwante wetenskappe – sy voorvegters het. Met ’n historiese relaas gaan ek u nie vermoei nie. Daar is tog niemand meer wat hom nog moeg maak byvoorbeeld oor die uitgediende seleksie-teorie van Charles Darwin nie. En hoeveel skole was daar nie reeds ná hom nie! Maar as die Darwinisme verwerp word, dan wil dit nie sê dat die evolusiegedagte nie meer sy aanhangers het nie.

Ek stel dadelik die evolusieleer in sy konsekwentste vorm: dit is dié rigting in die biologie wat leer dat alles wat is, en mitsdien ook die lewensverskynsel vanself ontstaan het en ook voortbestaan, en dat daar in die biologiese natuurgegewe die inherente kragte tot transformasie, in die reël in stygende lyn, geleë is. Van die begrippe “hoogstaande” en “laagstaande” in die evolusieleer het ek nêrens ’n beter bepaling as in die referaat van prof. De Villiers teëgekomp nie. Hy skryf: “Die genealogie van ’n dierstam kan op grond van sake alleen vasgestel word na die sortering van alle ortogenetiese rigtinge; diegene wat ’n beperkte getal ortogenese rigtinge toon en wat dus hulle stamstempel nog die duidelikste dra, noem die soöloog primitief. Diegene daarteen wat al hoe meer getransformeer is, bestempel hy as gespesialiseerd. Hierdie twee begrippe stem ongeveer ooreen met ‘laagstaande’ en ‘hoogstaande’. Eersgenoemde diere word onder- en laasgenoemde diere bo-aan die stamboom geplaas.”

Gelukkig is daar *min konsekwente evolusioniste in ons land*. Ek is dankbaar om te kan sê dat vir sover ek met my kollegas in die biologie gesels het daar geeneen van hulle is wat byvoorbeeld die bestaan van God loën nie. Die vraag wat hulle gewoonlik stel is: Waarom kan die almag van God nie ook in die evolusie tot openbaring kom nie?

Ek kom dus nou by *die hoofvraag: Staan die skeppingsleer en die evolusieleer teenoor mekaar?* Hier moet ek antwoord dat *die konsekwente ateïstiese evolusieleer diametraal teenoor die Skrifopenbaring aangaande skepping en formasie staan*. Volgens die Skrif is God die Skepper en Onderhouer van alle dinge, en *wie op enige stadium* – dit wil sê heel aan die begin of te enige tyd daarna – *skeppende of kreërende krag aan die natuur self toeskryf, weerspreek die Woord van God*. Ek wil voorts beklemtoon dat *die konsekwente evolusiedogma die grondwette van die logika en die kousaliteit verbreek*: Immers, hierdie dogma aanvaar die onmoontlike grondstelling, te wete selfveroorsoekte ontstaan binne die tyd-ruimtelike; en bowendien neem dit aan dat gevolge meer en andersoortig as hulle oorsake is. ’n Kenlike geval van *reductio ad absurdum*.

Maar nou wil ek die *tweede ewe belangrike vraag* stel, naamlik: *Is daar ook ’n wortelverskil of – verskille tussen die opvatting van diegene wat glo in God, maar tog die transformasieleer huldig, en die standpunt wat deur die Skrifgelowige ingeneem word?*

En dan vind ek dat daar oor die algemeen gesproke die volgende *drie verskilpunte van grondleggende aard is*:

- (1) *Die evolusionis glo*, dit is, hy aanvaar *a priori*, dat daar miljoene en selfs *honderde miljoene jare* nodig was vir die verloop van die *evolusieproses*.

Daarteenoor staan dat die *Heilige Skrif geen jaartal noem nie, maar tog duidelik wat die formasie betref nie sulke miljoene syfers veronderstel nie*.

- (2) *Die evolusionis leer* dat God in *deïstiese* trant selfontplooiende mag in die verskynselewêreld gelê het.

Die Skrif leer dat God eenmaal geskep het en daarna geformeer het, maar dat Hy sedert die skepping ook alles deur sy almag van oomblik tot oomblik onderhou en in sy voorsienigheid bestier; Hom dus nie terugtrek soos die deïste wil nie; maar aktiewe relasies met sy skepping handhaaf, en *sodoende deur die geskape dinge as tweede oorsake heen werk*.

- (3) *Die evolusionis glo* dat daar ontwikkeling of *transformasie van die laagste na die hoogste lewensvorme* plaasgevind het – óf dit nou al geleidelik óf, soos vandag meer dikwels geleer word, deur *saltieses* geskied het.

Die Skrif leer die konstantheid van die grondtipes, maar terselfdertyd mutasies binne hierdie grondsoorte.

Ek wil nou weer nadruk daarop lê dat ’n mens hier, soos die eminentste bioloë ook erken, met *a prioristiese uitgangspunte* te doen het wat onbewysbaar is. Selfs Haeckel skryf in die voorwoord tot sy *Sistematiese Filogenie I*, dat dit vanselfsprekend is dat ons genealogiese geskiedenis ’n kwessie van hipotese is en vir altyd sal bly.

Tog is daar *immanente getuïenis* wat bygebring kan word en *daarop wil ons nou let*.

Wat die *eerste verskilpunt* betref, wil ons handhaaf dat die evolusioniste fouteer waar hulle van *verbysterende tydperke* spreek. En ons eerste grond daarvoor is hierin geleë dat *hulle hulle laat mislei deur die uniformatoriese teorie van Lyell*. Ek het in dié verband reeds, toe ek die formasie behandel het, aangetoon dat dit verkeerd is om te aanvaar dat die dinge van die begin af aan teen die tempo en

op die wyse geskied het waarop hulle vandag plaasvind. Dit is onmoontlik om in finesses af te daal wat die stratigrafiese tabel van die geologie betref; maar geen kundige sal betwis dat daar ten opsigte hiervan groot onsekerheid bestaan nie. *Die werklikheid skep vir die evolusionistiese geoloog onoorkomelike probleme.* Argumentshalwe besig ons sy taal: dit kom byvoorbeeld voor dat Siluriese of Devoniese lae, dit wil sê Paleosoïese formasies, oor groot oppervlaktes heen op die sogenaamde veel jonger Tersiere of soms op Mesosoïes lae rus. Oor 'n gebied van baie honderde vierkante myle van die "Glacier National Park" in Amerika lê Paleosoïese kalkklipformasies op Mesosoïese lae van die "jongste" orde. Met ander woorde, rotsformasies waarin fossiele van trilobiete (wat as baie oud beskou word) voorkom, lê hier en ook elders, dikwels op volkome natuurlike wyse, op rotse waarin daar versteende oorblyfsels van die veel "jonger" dinosauri aangetref word! Waar 'n gesaghebbende soos sir Robert Murchinson skryf: "I fearlessly say that our geological record does not furnish one syllable or evidence in support of Darwin's theory", daar hoef ons nie veel meer tyd aan die bespreking van hierdie saak af te staan nie.

Tog wil ek nog *een tipiese voorbeeld van misrekening* vermeld, veral ook omdat die *ouderdom van die menslike geslag* daarmee gemoeid is. Die geoloë weet dat Charles Lyell se drifteorie deur Torell se landysteorie vervang is. Hy het aangeneem dat 'n geweldige yslaag eenmaal die hele Noord-Europa bedek het. As grond vir dié teorie word aangevoer dat daar byvoorbeeld in Nederland keileem gevind is, wat ooreenkoms vertoon met die puin onder gletsers. Tussen die puinlae kom daar ook plantlae voor. Dit wys weer op 'n warmer interglasiale tyd. So word deur die Duitser Penck die diluviale tyd verdeel in vier ystye en drie interglasiale tye. Terwyl daar nou ook in hierdie diluviale gronde bene van mense gevind is, word die ouderdom van die menslike geslag daarvolgens bereken. Die eerste ystyd is bereken op 300 000 jaar ens. Maar ons bepaal ons tot die derde interglasiale tyd. Dit sou 130 000 jaar geduur het. In Ehringdorf by Wiemar is daar 'n kalkwand van sewentien meter wat volgens evolusionistiese geoloë moes ontstaan het in die derde interglasiale tyd. Maar nou blyk dit dat daar in die stromende water in dié dele soveel kalk opgelos is, dat 'n takkie wat daarin geleë is, gedurende een maand bedek was met 'n halfsentimeter kalk. En as 'n mens uitreken hoe lank dit duur om 'n wand van sewentien meter te vorm, dan kom dit te staan op 283 jaar. Dus die 130,000 jaar blyk volgens berekening 283 jaar te wees. Verder, die plantemateriaal tussen die lae gletserpuin word deur dieselfde geoloë beskou as 'n produk van 'n interglasiale tyd. Maar die Amerikaanse geoloë, Russel en Tar, het by die Malaspinagletser van Alaska 'n welige plantegroei ontdek, sodat die hele teorie van interglasiale tye wankel staan. Prof. dr GL Smit Sibinga het in sy inaugurele rede in 1946 oor *De ijsstijden in de aardgeschiedenis* gesê: "Er bestaat waarschijnlijk geen andere vraagstuk, waarvoor nie alleen geologen, doch ook meteorologen, astronomen en biologen so ernstig hebben nagedacht en gediscusseerd als het vraagstuk der ijsstijd. En toch is geen enkele theorie tot nog toe algemeen aanvaard kunnen worden."

Die *sirkelredenering* waarin geoloë en bioloë so dikwels verval, verdien ook ons aandag: eersgenoemdes bepaal die duur van hulle tydperke met verwysing na die fossiele wat in die aardlae voorkom en laasgenoemdes beroep hulle weer gedurig op die aardkundiges wanneer hulle die ouderdom van fossiele probeer vasstel. Inherent data vir die bepaling van die oudheid van óf die aardlae óf die petrifikasies is daar nie. In sy *Fundamental of zoology* erken 'n man soos prof. William Tinkle hierdie feite rondborstig.

Die *crux* in verband met al die berekenings van evolusionistiese kant wat op sedimentêre data, die radium-lood-metode ensovoorts, gebaseer word, is hierin geleë dat *die realiteit nie net een of selfs enkele onbekende faktore en veranderlike groothede vertoon nie*, maar dat daar soveel is wat nie kontroleerbaar is nie.

Met betrekking tot die *tweede verskilpunt* kan ons kort wees. Die geloofstandpunt staan hier op die voorgrond. Volgens die deïsme moet die besondere openbaring aanvaar word alleen vir sover as dit met die rede ooreenstem. Die deïsme plaas dus per slot van rekening die menslike rede op die troon. Daarteenoor handhaaf die konsekwente Christendom die openbaringskarakter van die Heilige Skrif en insonderheid ook die leer van die voorsienigheid van God. Daarvolgens is God nie 'n deus otiosus of werklose god nie, maar moet sy immanensie naas sy transendensie bely word. So dikwels word aan God, sy werke, sy kennis, sy eienskappe in terme van menslike kategorieë gedink. Maar ten aansien van God is daar geen sprake van willekeur, passiwiteit, moeisame arbeid, onttrekking aan

’n deel of die geheel van sy skepping nie: Hy is die volmaakte, louter aktiewe, almagtige, alomteenwoordige en ewige God en Vader van alles wat is, en dra sy ganse skepping in sy voorsienige en allesomvattende bestel van oomblik tot oomblik in sy lankmoedigheid en onpeilbare liefde. Niks, maar dan ook geheel en al niks, gebeur sonder sy wil nie. Daar kan geen bestaan of voortbestaan, geen ontwikkeling of denaturasie plaasvind as Hy dit nie wil of toelaat nie – ja, ook denaturasie, wanverskynsels, stryd om bestaan, verskeuring van een dier deur ’n ander ..., want daarin openbaar God sy toorn oor die goddeloosheid van die mens. Wag die skepping nie met reikhalende verlange na die vrymaking van die vloek en slawerny van die verganklikheid nie!

God werk – Hy werk voortdurend, soos dit Hom behaag en soos Hy tot ons lering in die Heilige Skrif geopenbaar het, en op hierdie geopenbaarde wil van God let die evolusionis nie – tot ontsettende skande van die wetenskap. Die Woord van God leer uitdruklik dat Hy ’n natuurorde daargestel het, wat kragtens die Natuurverbond met Noag, ten spyte van die sondeval en vloek, wat die skepping dientengevolge getref het, deur Hom in stand gehou word. Wat die onderhawige onderwerp betref, bestaan hierdie orde onder andere daarin dat die konstantheid van die grondsoorte, blykens die opsetlike herhaling van die sinsnede: “Volgens hulle soorte”, gewaarborg is.

Die *derde verskilpunt* gaan juis oor hierdie saak. Soos ons vroeër gemeld het, hou ons teenoor die evolusionisme staande dat die grondsoorte as sodanig bly voortbestaan, en dat veranderinge plaasvind alleen binne die grense wat vir hierdie soorte deur die Skepper vasgestel is.

Vir die transformasie van die laagste na die hoogste lewensverksynsels voer die evolusioniste verskillende gronde aan.

Eerstens word daar gewoonlik gewys op die sogenaamde “*biogeneties grondwet*” van Haeckel, naamlik dat die ontogenie (die ontwikkeling van die embryo) die korte en snelle herhaling van die filogenie (die ontwikkeling van die soort) is. Maar hierdie “wet” van Haeckel word tans aan die hewigste kritiek onderwerp. Erkende embrioloë (byvoorbeeld De Beer) wil nie hoor van die rekapitulasieteorie nie. Ook die beroemde deskundige op die gebied van die fossiele van soogdiere, Depéret, verwerp dit ten enemale.

Tweedens beroep evolusioniste hulle op die sogenaamde “*rudimentêre organe*”. Maar in dié verband is dit nie nodig om meer te doen as om die uitspraak van die bekwame outeur van *The Bible and modern research* aan te haal nie. A Rendle Short, “Examiner and Hunterian Professor, Royal College of Surgeons”, skryf; “There is no room in the human economy for useless functions; it would be difficult to mention one function or organ not certainly or probably useful (the vermiform appendix and the pineal gland not being exceptions) ...”

Derdens word natuurkeuse (“natural selection”) beskou as fondamentsteen van die evolusionistiese denkstruktuur. Maar dit is ’n veronderstelling wat nog nooit bewys is nie. Geen wonder dat ’n outoriteit soos HF Osborn in sy *The origin and evolution of life* verklaar: “Darwin’s law of selection as a natural explanation of the origin of all fitness in form and function has lost its prestige.” Darwin self moes reeds erken dat die werklikheid nie net ontwikkeling nie maar ook degenerasie vertoon. Ten einde uit hierdie impasse te kom, het hy gesprek van “fluctual variability”; maar sodoende het hy geen verklaringsbeginsel nie. Daarom sê D’Arcy Thompson ook onomwonde in sy *Nomogenesis*: “How species are actually produced remains an unsolved riddle; it is a great mystery.” So is dit inderdaad, want dit is ’n werk van God! Rendle Short merk tereg op dat die ganse moderne opvatting van mutasies wat sprongsgewyse plaasvind regstreeks indruis teen die gedagte van “natural selection”. Immers volgens laasgenoemde standpunt is dit die paar voortrefflike eksemplare wat *op die duur* die res *verbystrewe*.

Vierdens bring evolusioniste die resultate van bloedtoetse by ter verdediging van hul standpunt. Die gevolgtrekkings is egter gebaseer op die onbewese voorveronderstelling dat chemiese ooreenkomste bloedverwantskap aandui. Maar ook in dié geval gaan dit hulle nie voor die wind nie. ’n Ervare bioloog soos Frank Marsh wys in sy uitnemende werk: *Evolution, creation and science*, daarop dat die evolusionistiese fisioloog oningewydes mag imponeer deur sekere gevalle (wat die evolusieleer skynbaar bevestig) te noem, maar ander (wat dit weerspreek) te verswyg. Die ervare wetenskaplike laat hom egter nie op dié manier oortuig nie. William B Scott laat hom in dié verband as volg uit in sy werk: *The theory of evolution*: “It must not be supposed that there is any exact

mathematical ratio between the degrees of relationship indicated by the blood tests and those which are shown by anatomical and paleontological evidence. Any supposition of the kind would be immediately negated by the contrast between the blood of animals and that of birds. It could hardly be maintained that an ostrich and a parrot are more nearly allied than a wolf and a hyena, and yet that would be the inference from the blood tests.”

Dit is nouliks nodig om te beklemtoon dat die evolusionistiese poging tot klassifikasie ook niks meer as 'n klassifikasie is nie: dit verklaar niks nie.

Laat ons nou *ondersoek instel of die konstantheid van die grondtipes, soos deur die Skrif geleer, bevestiging vind deur die feite.*

In die *eerste plek* wil ons daar nadruk op lê dat die *histologie* of weefselleer getuig van die *radikale verskille tussen die selle van verskillende soorte*. Die skynbare verwantskap wat die leek op grond van die morfologie of vormleer konstateer, maak op die deskundige gebied van die selleleer geen indruk nie, terwyl hy van diepgaande verskille bewus is. Juis hier het die evolusionis miskien sy gevoeligste neerlaag gely. Ek kan maar net melding maak van die verskil ten aansien van die chromosomes van die verskillende soorte. Dit geld nie alleen hulle “somatiese telling” nie maar ook daardie wonderlike patroon wat hulle gedurende die proses van mitosis vorm.

In die *tweede plek* wil ek die onloënbare diskontinuiteit wat oral in die skepping so opvallend is, aksentueer. Alle eerbare beoefenaars van die genetica sal en moet erken dat hulle geen nuwe soorte kan voortbring nie. Duidelikheidshalwe herhaal ek dat ek nie betwis dat daar mutasies binne die grense van die grondsoorte plaasvind nie. Die gesaghebbende Theodosius Dobzhansky gee in sy *Genetics and the origin of species*, 'n hele lys van sulke veranderinge in die geval van die asynvlieg, *Drosophila melanogaster*. Maar in weerwil van die talle mutasies ten opsigte van sy kleur oë, interne organe ens, *bly hy: asynvlieg*. Of neem 'n ander geval: alle evolusioniste is eenstemmig dat protoplasma in eensellige vorm in die begin moes ontstaan het. Maar ná al die “miljoene jare” kom amoebas ensovoorts vandag nog by die biljoene voor en nie een van hulle verkeer in enige stadium van transmutasie na 'n ander spesies nie. Of dink aan die klassieke voorbeeld van die venusvaring (“maidenhair fern”), wat nog maar nagenoeg net soos sy fossiel-voorouers lyk. Volgens Rendle Short is ook die triboliete van die oudste rotse waarin fossiele voorkom net so kompleks as die hedendaagse kreef.

Ek sou hiermee kon volstaan het, maar die konstantheid wat die mens vertoon, het vir ons besondere betekenis. Gevolglik iets meer daaroor.

Daar is om mee te begin die afsonderlike gevalle van ontdekking van fossiele, waaroor daar egter die grootste onsekerheid en meningsverskil bestaan. Ek noem 'n paar voorbeelde. Sekere oorblyfsels is in die negentiger jare van die vorige eeu deur 'n Hollandse medicus, Dubois, in Java ontdek. Eers het hy 'n tand verskeie voet onder die grond ontdek en later (ongeveer drie voet daarvandaan) 'n gedeelte van 'n skedel gevind. Die volgende jaar het hy 'n dybeen omtrent 46 voet daarvandaan verwyder gevind. Twee ander tande is ook nog later ontdek. Sonder die minste grond daarvoor het Dubois gaan aanneem dat al hierdie oorblyfsels dié van dieselfde wese was en hom die indrukwekkende naam van *Pithecanthropus erectus* gegee. Reeds op die internasionale kongres van soöloë in 1895 het die leidende paleontoloog van sy dae, Rudolf Virchow, beswaar gemaak teen die voordrag van Dubois en daarop gewys dat dit onseker is of die vondse gedeeltes van dieselfde geraamte is. Bowendien, het hy verklaar, dat die skedel dié van 'n groot aap is. (Later het baie ander soos Hertwig, Macnamara, Bumüller en Obermaier instemming hiermee betuig.) Die hele aangeleentheid is verder vertroebel deurdat die ontdekker die vondse agter slot en grendel bewaar het en vir baie jare aan niemand toegang verleen nie. (Intussen is talle van realistiese rekonstruksies van hierdie aapmens gemaak en in museums tentoongestel of in populêre werke afgebeeld! Daarom kan 'n mens begryp dat Wasmann verklaar: “It is nothing short of an outrage upon truth to represent scanty remains, the origin of which is so uncertain as that of the Pithecanthropus, as absolute proof of the descent of man from beasts, in order thus to deceive the general public.”) Op 20 Maart 1937 het Dubois uiteindelik self in Philadelphia verklaar dat hy tot die slotsom gekom het dat die skedel die van 'n aapsoort is. Alle antropoloë stem saam dat die dybeen dié van 'n mens is. Die enigste gevolgtrekking waartoe 'n mens kan kom, is dié van prof. Tinkle en andere, te wete dat die oorblyfsels

dié van minstens twee wesens was. Naamlik van 'n aap en van 'n mens en dat *Pithecanthropus erectus* na die gebied van sprokiesland verwys moet word.

Daar is ook nog ander geïsoleerde gevalle soos dié van die sogenaamde "Piltdown man" (*Eoanthopus dawsoni*), die *Australopithecus*, ens; maar dit loon waarlik nie die moeite om nader hierop in te gaan nie, want daar is werklik geen gegewens wat enige gewig dra nie. Vandaar ook dat gesaghebbendes mekaar gedurig weerspreek. Ek herinner my dat die anatoom aan een van ons universiteite byvoorbeeld kort ná die ontdekking van die *Taung*-skedel op 'n openbare vergadering in Kaapstad sy bevinding as volg saamgevat het: "This is nothing else than the skull of a baby chimpanzee."

Daar is ewenwel nog *gegewens wat volgens sommige sou dui op mensesoorte* wat aan die huidige mens voorafgegaan het. Meermale word drie sulke soorte genoem: Die *Heidelbergse mens*, die *Neanderdal-mens* en die *Cro-Magnon-mens*. Aan eersgenoemde hoef ons nie veel aandag te wy nie. Al wat in Heidelberg gevind is, is 'n onderkakebeen. Reeds met die ontdekking het dr Wilhelm Branca, hoogleraar in die geologie en paleontologie in Berlyn verklaar dat dieselfde liggaamsdeel van die moderne Eskimo daar net so uitsien. (Kramverger het dit bevestig, en gewaarsku dat 'n hele skedel (om nie eers te praat van 'n hele mens of selfs menseras nie!) nie uit 'n kakebeen gerekonstrueer kan word nie.)

Van die Neanderdal-mens is daar komplette skelette gevind. Hier staan ons dus op vaster grond. Maar die Neanderdal-mens is dan ook werklik 'n mens, selfs nie eens 'n aparte soort mens nie. Prof. Kollman van Basel konstateer: "There is in my view a probability that the retreating forehead and the projecting orbital ridges of the Neanderthal group perhaps belong to the category phenomena which must indicate individual variations of *Homo sapiens* ... In the far-distant continent of Australia just as strongly marked orbital ridges and retreating brows are to be found as in the skulls of the Neanderthal-Spy group. Spencer and Gilliam give the portrait of an Australian whose retreating and strongly marked orbital ridges are clearly like those of the Neanderthals. ... The projecting orbital ridges and the retreating brows of the Neanderthal-Spy group are extreme forms of variability in the white races of *Homo sapiens*, but are no marks of a special race." Dr Wright skryf in sy *Man of the Glacial Period*: "Upon extending enquiries it was found that the Neanderthal type of skull is one which has representatives in all nations." En les bes, prof. Keith verklaar: "The Spy men were typical representatives of the Neanderthal species, with large, robust skulls, holding brains, which, in point of size, were above the average of the modern European."

Wat die *Cro-Magnon-mens* betref, is wetenskaplikes unaniem dat hy ook werklik 'n mens was. H.F. Osborn praat selfs van hom as 'n *voortreflike ras van Homo sapiens*. Hy sou gedeeltelik gelyktydig met die Neanderdal-mens gedurende die Pleistoceen geleef het. Interessant is dit om hiermee in verband te stel wat prof. Van der Vlerk in *Ensie*, V, verklaar: "Vrij algemeen neemt men tegenwoordig aan, dat het jaartal 8000 v.Ch. ten naasten bij als het einde van het Pleistoceen ... kan gelden." Dus, die fabelagtige geologiese tydperk krimp reeds merkwaardig vinnig in.

Hoe langer 'n mens jou verdiep in hierdie sake hoe vaster word die oortuiging dat ook die *immanente getuienis die een feit bevestig, naamlik die konstantheid van die een en unieke menslike ras waarvan die Skrif spreek*; en dat die omgekeerde dan ook waar is, naamlik dat die transmutasiedogma van die evolusioniste op geen vaste pylers rus nie. 'n Mens kan nie nalaat nie om ook nog die volgende uitspraak van die soöloog Douglas Dewar en die geoloog Davies aan te haal, wat etlike jare gelede in *The nineteenth century and after* verskyn het: "Almost as discreditable as Dr Dubois' performance is the failure of nearly every recent book (excepting Keith's) dealing with human and other primate fossils, to mention the fact that a number of fossil remains of men of modern type – e.g., the Castendolo and Calaveras skulls, etc. – have been found in deposits of much earlier date than any which contain the fossils of the creatures commonly cited by evolutionists as ape-men, near-men, etc., such as *Pithecanthrous*, Pekin man, Piltdown man, Heidelberg man, Neanderthal man, Rhodesian man, etc. The only reason for rejecting the evidence of the far greater antiquity of the perfectly human Calaveras, etc., remains is that it does not suit the current obsession. As Keith frankly says: 'Indeed, were such discoveries in accordance with our expectations, if they were in harmony with the theories we have formed regarding the date of man's evolution, no one would ever dream of doubting them, much less of rejecting them.'" En dan is dit nie bevreesdend nie dat die Leidse

hoogleraar, dr HJ Lam, die evolusieleer in *Ensie, VI*, 'n werkhipotese noem. Hy laat hom onder ander aldus uit: "Die werkhypothese staat op zichzelf niet sterk; zij kan eigenlijk slechts worden verdedigd uit het ongerijmde." As 'n mens sulke taal verneem, word dit duidelik waarom manne wat met gesag kan praat – soos Diamare, osteoloog aan die Universiteit van Napels; Fleischmann, hoogleraar in die dierkunde aan die Universiteit van Erlangen; Lemoine, professor in die geologie aan die Universiteit van Parys; Nilsson, professor in die genetica aan die Lund Universiteit, Swede; Vialleton, professor in die vergelykende anatomie aan die Universiteit van Montpellier; en so baie ander – *in verset gekom het teen die evolusiedogma*.

Nee, daar is geen greintjie onbetwisbare getuienis teen die Skrifwaarheid aangaande die formasie van die mens na die beeld en gelykenis van God nie. Daar is *niks in die feitemateriaal wat die bewys lewer dat die mens uit die dier ten gevolge van transmutasie ontwikkel het*; dat daar honderdduisende jare gelede (of wanneer ook al) halfmens-gedrogte was; dat daar selfs min of meer wanstaltige menslike rasse was wat uitgesterf het nie. Weliswaar kom daar *individuele verwordings en afwykings* voor (soos by die sogenaamde Neanderdal-mense) *vanweë die vloek van God* wat ook die menslike geslag getref het. Maar ten spyte van die diepe verdorwenheid van die mens het hy deur al die eeue sy wese *behou*. Konstantheid van die mens as geskape soort bly ten spyte van al wat die evolusioniste reeds beweer het, bo alle twyfel verhewe.

Genoeg omtrent die diskontinuiteit in die sin dat elke soort volgens sy soort voortgebring en nie transmuteerbaar is in 'n ander soort nie.

In die *derde en laaste plek* wil ons ter staving van die konstantheid van die grondsoorte nog net attent maak op die definitiewe grense van hibridasie of kruisteelt. Dit bly 'n onmiskenbare feit dat kruisteelt alleen binne die afsonderlike soorte slaag; maar sodra gepoog word om die grense wat die Skepper daar gestel het te oorskry, tree steriliteit sonder uitsondering in. Siedaar 'n alombekende en – erkende verskynsel, wat oral waar daar lewende wesens is die konstantheid van die soorte verkondig!

Ek meen dat ek my taak volbring het. *Daar bestaan ongetwyfeld weens wedersydse onkunde, baie misverstand tussen evolusionistiese bioloë en Skrifgelowige teoloë. Maar dit staan ook vas dat die Skrifopenbaring en die konsekwente evolusiedogma antiteties teenoor mekaar staan, en dat selfs die minder konsekwente evolusionisme ten opsigte van die kardinale sake wat ons genoem het, te wete die tydperke wat ook ná die formasie in miljoene syfers bereken word, die deïstiese wêreldbeskouing en die transmutasie van soorte onverenigbaar met die Heilige Skrif is. Terselfdertyd wil ek met die grootste klem sê dat daar geen konflik hoegenaamd tussen die ware wetenskap – die wetenskap wat die waarheid eerbiedig en nastreef – en die Woord van God bestaan nie. Intendeel hoe langer die navorsers wat dié naam waardig is, indring in die menigvuldige wysheid wat in die skeppingswerk van God vergestaltung gekry het, hoe duideliker sal dit ook blyk dat die waarheid wat God in die natuur openbaar nooit in teëspraak kan wees met die waarheid wat ons uit die Heilige Skrif toespreek nie.*

“Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderlik is; wonderlik is U werke! En my siel weet dit alte goed.”